

# **Kerkhereniging: Waar staan ons nou?**

## **1. Waar staan ons nou?**

### **1.1 Waar staan ons nou wat lidmate en gemeentes betref?**

Op hierdie stadium vind daar sg konsultasie plaas. Dit beteken dat die gevoel van lidmate, gemeentes en sinodes t.o.v. kerkhereniging getoets word en opinies en besware daaromtrent ingewin word.

Die onderskeie gemeentes se menings is reeds ingewin. In ons gemeente was 'n gemeentevergadering en vraelyste is voltooi deur lidmate, sel groepe en Bybel - studiegroepe. Die menings van gemeentes van die Oos Kaapse Sinode is beskikbaar op die internet. Hierdie terugvoer van die gemeentes aan die sinodes en algemene sinode sal in die onderhandelinge met die ander kerke gebruik word.

Sien die aangehegte stuk van die NGKOK opgestel deur Ds D Mouton.

### **1.2 Waar staan ons nou wat die Familie van NG Kerke betref?**

Die vier kerke het in November 2006 by Achterberg bymekaargekom om die wenslikheid van eenwording te bespreek.

Na hierdie vergadering is daar besluit om eers na die onderskeie kerke se lidmate terug te gaan vir "konsultasie" mbt die moontlikheid van kerkhereniging.

Na aanleiding van hierdie vergadering het die NG Kerk die konsultasie proses begin deur inligtingsvergadering te hou in gemeentes en 'n meningsopname te doen. Hierdie meningsopname het hoofsaaklik gegaan oor die volgende aspekte van kerkhereniging: 1. Die konfessionele basis, m.a.w. Die Belhar Belydenis, 2. Die Model van 'n herenigde kerk, 3. Gesamentlike projekte, 4. Die Versoeningsproses, en 5. 'n Moontlike naam vir die nuwe herenigde kerk.

Die terugvoer van die onderskeie gemeentes is beskikbaar op die webtuiste van die NGKOK.

## **2. Die Geskiedenis.**

Vanaf 1652 tot 1857 was daar net een kerk. In 1857 is daar besluit om vanwee praktiese oorwegings die geleentheid te skep vir afsondelike aanbidding, wat gelei het afsondelike kerkontwikkeling., m.a.w. kerke wat volgens die kleur/ras grense ontwikkel.

Die NG Sendingkerk word in 1881 gestig, die NG kerk in Afrika (NGKA) in 1910 en in 1968 die Reformed Church in Africa(RCA).

Hierdie kunsmatige verdeeldheid van die kerk langs kleurgrense het reeds in 1966 tot 'n sinodebesluit aanleiding gegee waar die moontlikheid van eenheid van die NG Kerk (blank, kleurling en bantoe) ondersoek sou word.

Die NG Kerk van die Oos Kaap (NGKOK) spreek reeds op die eerste sinode na afstigting in 1973 die saak van nouer samewerking tussen die kerke in die NG Kerk familie aan.

Op die Algemene Sinode van 1987 word besluit dat lidmaatskap tussen die gemeentes van die NG Kerk-familie oorgedra kan word, m.a.w. Die kerke is oop vir alle rasse.

Op die Algemene Sinode van 1991 word melding gemaak van “sigbare eenheid” van die kerk.

Die Sinodale Kommissie van NG Kerk in die Oos-Kaapland kry in 2007 ‘n mandaat van die Sinode in dis Oos-Kaapland om samewerking en eenheid tussen die lede van die Familie van NG Kerke te bevorder. Die Sinode herroep ook die besluit wat in 1857 geneem is, wat tot die ontstaan van die verskillende kerke aanleiding gegee het.

Op baie plekke in die word daar nou saamgewerk tussen die verskillende kerke en vind “hereniging” reeds om ‘n verskeidenheid van redes plaas. Voorbeelde is die VGK Gemeente van Petrusville wat by die NG Kerk Noord-Kaapland aansluit en gesamentlike aanbidding en bediening van gemeentes in die Suid Vrystaat. Verdere voorbeelde word gegee op webblab van die NG Kerk in die Oos-Kaapland [www.ngkok.co.za](http://www.ngkok.co.za).

Stuk van H Schutte: Die NG Kerk was een kerk tot 1857.